Die Beeld 30/3/99

# Skrywers, kunstenaars se 'Bloedlyn' 'n hoogtepunt

**Kobus Burger**

*Bloedlyn*, die kreatiewe samekoms van tien Suid-Afrikaanse skrywers en tien kunstenaars, is reeds deur besoekers as 'n hoogtepunt van die Klein Karoo Nasionale Kunstefees geloof.

"Die beste deel van die KKNK," is van die lofuitinge in die besoekersboek.

Onder die kuratorskap van Lien Botha is hierdie tentoonstelling 'n interaksie tussen die woorde van Herman Lategan, Vernie Plaatjies, Ashraf Jamal, Charles J. Fourie, Lettie Viljoen, Elias P. Nel, Anoeschka von Meck, Welma Odendaal, Karin Cronjé en Vincent Oliphant en die beelde van Dorothee Kreutzfeldt, Thembinkosi Goniwe, Lucy Pooler, Andrew Porter, Mark Coetzee, Bongi Bengu, Fritha Langerman, Selwin Pekeur, Veronique Malherbe en Berni Searle.

"Die twee komponente, *bloed* en *lyn*, kan in enige kombinasie gebruik word, letterlik of figuurlik," sê Botha.

"Die doel kon gewees het om te soek na 'n kode wat iets oor onsself kan blootlê – 'n klein openbaring, die bloedmonster wat alles vertel van 'n enkele lewe."

Die samekomste wissel van eenvoudig-aangrypend tot kompleks-ontstellend.

Pekeur het byvoorbeeld 'n reuse-skildery gemaak wat Odendaal se kortverhaal *Connie vermoed verraad* bevat.

Malherbe en Fourie se installasie bestaan onder meer uit 'n vrieskas met proefbuise bloed, dagboekinskrywings en foto's. Tientalle proefbuise met foto's hang ook aan 'n soort wasgoeddraad uit die dak as deel van die installasie wat *All This Useless Beauty*. . . genoem word.

"Kos vir filosowe", "iets om kop toe te vat en daar te bêre" en " 'n paar besoeke werd" is van die lof wat feesgangers vir *Bloedlyn* het.

"Ek bespeur 'n kragtige pomp deur die are van SA kuns," som een dit op.

Daar is sprake dat die woordkunstenaars se werk later in 'n versamelbundel uitgegee sal word. Maar 'n mens hoop dat *Bloedlyn* in sy geheel die groot sentra sal besoek. Dit verdien aandag.



**'n Feesganger loop verby 'n skyfievertoning wat deel uitmaak van Andrew Porter en Elias P. Nel se *Verneukpan: Hex River: Cape Town* uit die groeptentoonstelling *Bloedlyn*.**

**Foto: GILAD HOCKMAN**